# LOPERS, LAPPIES



LOPER MET BLOMME



LOPER MET VRUGTE

## DIAGRAM VIR BLOMMOTIEF



□ — spasie
⊠ — blokkie

## DIAGRAM VIR VRUGTEMOTIEF



## BLOMME OF VRUGTE OP 'N LOPER

**BENODIGDHEDE: Vir elke loper:** *Ongeveer 200 g Omega Nr. 5; hekelpen van 2,50 mm; genoeg katoen of linne om 2 stroke van 74 x 9 cm en 2 stroke van 38 x 9 cm uit te knip; bypassende masjiengaring.*

**MATE:** *Elke loper is ongeveer 74 x 38 cm groot (randstrook bygetel).*

**AFKORTINGS:** *ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; herh - herhaal; st(e) - steek (steke); sp(s) - spasie (spasies); vlg - volgende.*

**AANWYSINGS: Loper met vrugtemotief:** Begin met 269 ks, d.w.s., die lengte van loper.

**1e ry:** 1 lb in 8e ks vanaf hekelpen (vir 1e sp), *2 ks, slaan vlg 2 ks oor, 1 lb in vlg lb*; herh van * tot * 86 keer; draai.
**2e ry:** 5 ks (vir 1e lb plus 2 ks); slaan 1e sp oor, 1 lb in vlg lb, *2 ks, slaan vlg 2-ks-sp oor, 1 lb in vlg lb*; herh van * tot * nog 83 keer; draai.
**3e ry:** 5 ks (vir 1e lb plus 2 ks), slaan vlg sp oor, 1 lb in vlg lb, *2 ks, slaan vlg sp oor, 1 lb in vlg lb*; herh van * tot * nog 33 keer; (2 lb in vlg sp, 1 lb in vlg lb) 2 keer, (2 ks, 1 lb) 4 keer, (2 lb in vlg sp, 1 lb in vlg lb) 2 keer, (2 ks, 1 lb) tot einde van ry, draai.

Raadpleeg verder die diagram. Knip garing af wanneer laaste 2 rye spasies voltooi

# EN RANDJIES

is.
**Loper met blommotief:** Begin met 269 ks en hekel eerste ry soos loper met vrugtemotief. Raadpleeg daarna diagram en voltooi soos eerste loper.

**AFWERKING:** Knip 4 stroke uit die materiaal, elkeen 9 cm breed; Knip 2 stroke van 74 cm lank en 2 stroke van 38 cm lank. Laat 0,5 cm toe vir nate. Vou dié stroke in middel om, sodat dit 4,5 cm breed is. Speld die 0,5 cm vir soom vas, en stik. Plaas filetwerk tussen twee helftes van materiaalstrook en stik weer. Verstek die hoeke en werk stewig vas.

## WAARLIK 'N STER

**BENODIGDHEDE:** *1 bol Omega-hekelgaring Nr. 8; hekelpen van 1,25 mm.*

**MATE:** *Die lappie is ongeveer 20 cm in deursnee.*

**AFKORTINGS:** *ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; herh – herhaal; gs – glipsteek; vlg – volgende; sp(s) – spasie (spasies); bl – blokkie.*

**Let Wel:** 3 ks vervang 1e lb van elke rondte; elke rondte sluit met 'n gs.

**AANWYSINGS: Beginrondte:** 10 ks, sluit met gs.
**1e rondte:** *3 lb, 1 ks; herh van * nog 6 keer — 7 groepe van 3 lb elk.
**2e rondte:** *2 lb in 1e lb, 1 lb in vlg lb, 2 lb in laaste lb — dus 5 lb in 3 lb — 1 ks; herh rondom.
**3e rondte:** *7 lb in 5 lb, 1 ks; herh rondom.
**4e rondte:** *9 lb in 7 lb, 1 ks; herh rondom.
**5e rondte:** *11 lb in 9 lb, 1 ks; herh rondom.
**6e rondte:** gs oor 1e lb; * 1 lb in elk van vlg 9 lb, 2 ks, slaan 1 lb oor — dus 9 lb oor 11 lb — 3 lb in 1-ks-sp, 2 ks slaan vlg lb oor; herh van * rondom.
**7e rondte:** *7 lb in 9 lb, (2 ks, 3 lb in sp) 2 keer, 2 ks; herh van * rondom.
**8e rondte:** *5 lb in 7 lb, (2 ks, 3 lb in sp) 3 keer, 2 ks; herh van * rondom.
**9e rondte:** *3 lb in 5 lb, (2 ks, 3 lb in sp) 4 keer, 2 ks; herh van * rondom.
**10e rondte:** gs tot in vlg 2-ks-sp; (3 lb in sp, 2 ks) rondom — 35 blokkies.
**11e rondte:** gs tot in vlg 2-ks-sp; *(2 lb, 1 ks, 2 lb) in sp, 8 ks, slaan 2 blokkies en 2 sp oor, (2 lb, 1 ks, 2 lb) in middelste lb van vlg bl, 8 ks, slaan 2 sp en 2 bl oor; herh van * rondom; 17 nuwe punte begin.
**12e rondte:** gs tot in 1e 1-ks-sp; *(2 lb, 2 ks, 2 lb) in 1-ks-sp van vorige rondte, 9 ks; herh van * rondom.
**13e rondte:** gs tot in 1e 2-ks-sp; *(2 lb, 2 ks, 2 lb) in 2-ks-sp van vorige rondte, 9 ks; herh van * rondom.
**14e rondte:** gs tot in 1e 2-ks-sp; *(3 lb, 2 ks, 3 lb) in 2-ks-sp, 9 ks; herh van * rondom.
**15e rondte:** gs tot in 1e 2-ks-sp; *(3 lb, 3 ks, 3 lb) in 2-ks-sp, 7 ks, 1 kb in rondom 9-ks-lusse van vorige 4 rondtes, 7 ks; herh van * rondom en heg netjies af.

## DRIEHOEKMOTIEF

**BENODIGDHEDE:** *Coats Chain-Mercer Nr. 20; die hoeveelheid hang af van die lengte van die randjie wat gehekel word; hekelpen van 1,25 mm; 1 linnehanddoek van 60 x 120 cm.*

**AFKORTINGS:** *ks – kettingsteek; kb – kortbeen; sp(s) – spasie (spasies); lb – langbeen; st(e) – steek (steke); herh – herhaal; vlg – volgende.*

**AANWYSINGS: 1e ry:** Hekel 6 ks, dan 1 lb in 3e ks vanaf hekelpen, 3 ks, 1 kb in 6e ks.
**2e ry:** 5 ks, 3 lb in 3-ks-sp, 2 ks, 1 lb in lb.
**3e ry:** 3 ks, 1 lb in vlg lb, 2 ks, 3 lb in 2-ks-sp, 3 lb, 4 ks, 1 lb in 3e van 5 begin-ks.
**4e ry:** 6 ks, 6 lb, 3 lb in 2-ks-sp, 2 ks, 2 lb.
**5e ry:** 3 ks, 1 lb in vlg lb, 2 ks, 3 lb in 2-ks-sp, 9 lb, 3 ks, (1 lb, 1 ks, 1 lb) in 4e van 6 begin-ks.
**6e ry:** 3 ks, 4 lb in 2-ks-sp, 3 ks, 12 lb, 3 lb in 2-ks-sp, 2 ks, 2 lb.
**7e ry:** 3 ks, 1 lb in vlg lb, 2 ks, 1 lb in 2e ks, 1 lb in lb, 3 ks, slaan 4 lb oor, 1 lb, 3 ks, slaan 3 lb oor, 1 lb, 3 ks, slaan 3 lb oor, (1 lb, 2 ks, 1 lb) in vlg lb.
**8e ry:** 3 ks, 4 lb in 2-ks-sp, 3 ks, 1 lb in lb, 3 ks,


WAARLIK 'N STER

DRIEHOEKMOTIEF


1 lb in vlg lb, 3 ks, 2 lb, 1 lb in 2-ks-sp, 2 ks.
**9e ry:** 3 ks, 1 lb in vlg lb, 2 ks, 3 lb in 2-ks-sp, 3 lb, 3 ks, 1 lb in vlg lb, 3 ks, (1 lb, 2 ks, 1 lb) in vlg lb.
**10e ry:** 3 ks, 4 lb in 2-ks-sp, 3 ks, 1 lb in lb, 3 ks, 6 lb, 3 lb in 2-ks-sp, 2 ks, 2 lb.
**11e ry:** 2 lb, 2 ks, 3 lb in ks-sp, 9 lb, 3 ks, (1 lb, 2 ks, 1 lb) in vlg lb.
**12e ry:** 3 ks, 4 lb in 2 ks, 3 ks, 12 lb, 3 lb in 2-ks-sp, 2 ks, 2 lb.
Herh die 7e-12e ry deurgaans tot werk so lank is soos benodig.

**BOONSTE RAND:** Hekel oor die reguit rand van strook soos volg:
**1e ry:** * 1 lb in sykant van eerste 3 ks van rand, 2 ks, 1 lb in sykant van daaropvlg 3 ks *; herh van * tot * tot einde van ry.
**2e ry:** 1 lb in lb, 2 lb in sp, herh tot einde.
**3e ry:** * 1 lb, 2 ks, slaan 2 ste oor *; herh van * tot * tot einde.
**4e ry:** 1 kb in eerste lb, * (3 lb, 1 ks, 3 lb) in vlg lb, slaan vlg lb oor; herh van * tot einde van ry.
**5e ry:** 4 ks, * (1 lb, 2 ks, 1 lb) in 1-ks-sp, 2 ks *; herh van * tot * tot einde van ry.
**6e ry:** 1 kb, * (1 kb, 3 ks, 1 kb) in 2-ks-sp, 3 kb in vlg 2-ks-sp; herh van * tot einde van ry.

**KLEIN HANDDOEKRANDJIE:** Hekel eerste deel soos uiteengesit, maar hekel slegs die eerste en tweede ry van regaf rand aan bokant.

**FRAIINGS:** Draai garing 5 keer rondom 'n stuk karton van 10 cm breed, knip garing aan een kant deur en trek dit met behulp van 'n hekelpen deur gaatjies soos op foto gesien kan word. Hekel daarna 'n ry kortbeen oor kort kante.

## FILET- EN MARGRIETJIERAND

**BENODIGDHEDE:** *DMC-hekelgaring Nr. 20 (20-g-bolle); die hoeveelheid en kleur hang af van die lengte van die gehekelde rand en die kleur van die handdoek of gordyn waaraan jy dit vashekel; gastehanddoeke van 60 x 120 cm en 40 x 60 cm; hekelpen van 1,25 mm.*

**AFKORTINGS:** *ks – kettingsteek; sp(s) – spasie (spasies); kb – kortbeen; lb – langbeen; hlb – halflangbeen; gs – glipsteek; herh – herhaal; vlg – volgende; st(e) – steek (steke).*
**Let Wel:** 3 ks vervang 1e lb van 'n ry; 8 ks vorm 1e spasie wanneer aan begin van 'n ry vermeerder word en 2 ks, 1 vierslagsteek vorm 'n ekstra blokkie aan die einde van 'n ry.
Raadpleeg diagram om vas te stel waar dit van toepassing is.
Hekel eers filetrand, wat so lank soos kort kant van handdoek moet wees.
Hekel daarna rosette wat in groepe van 4 in ruimtes tussen 2 punte ingepas moet word.
Die filetrand bestaan uit 'n herhaling van 21 rye
Begin met 39 ks.
**1e ry:** 1 lb in 9e ks vanaf hekelpen, 2 ks, slaan 2 ste oor, 1 lb in vlg st, 2 ks, slaan 2 ste oor, 16 lb, (2 ks, slaan 2 ste oor, 1 lb) 4 keer, draai.
**2e ry:** gs oor 1e lb en 2 ks, (1 lb in vlg lb, 2 ks) 4 keer, 10 lb, (2 ks, 1 lb in vlg lb) 4 keer, draai.
**3e ry:** 5 sps, 4 lb, 4 sps.
**4e ry:** 9 sps.
**5e ry:** 8 sps.
Hekel so voort tot rand so lank is soos benodig.
Hekel nou die nodige rosette.

**EERSTE ROSET: Beginrondte:** 6 ks, gs om ring te vorm.
**1e rondte:** 6 ks, * 1 lb, 3 ks; herh nog 6 keer.
**2e rondte:** (2 kb, 3 ks, 2 kb) in elke 3-ks-sp.
**3e rondte:** (7 ks, 1 kb in middel van 3-ks-sp) herh rondom.
**4e rondte:** * 1 kb, 9 hlb, 1 kb in elke 7-ks-sp.
Knip garing af.

**TWEEDE ROSET:** Soos eerste roset vir 3 rye.
**4e ry:** 1 kb, 4 hlb, trek pen uit lus, steek pen in ooreenstemmende 5e hlb van eerste roset, trek 'n lus deur om rosette te verbind, voltooi 5e hlb, hekel voort soos gestel tot 5e hlb van vlg boog.
Verbind weer aan ooreenstemmende 5e hlb van eerste roset soos uiteengesit en voltooi roset.
Verbind 3e en 4e roset op dieselfde manier, raadpleeg foto.
Maak 'n *spinneweb* met naald en garing om middel van 4 rosette te vul. Raadpleeg foto.
Hekel soveel rosette soos benodig om langs rand te pas en hekel hulle laastens aan die filetrand vas. Raadpleeg foto.

**KLEIN HANDDOEK:** Hekel slegs 3 rosette vir elke groep, hekel dan oor borand soos volg:
**1e ry:** Heg garing vas aan 3e sp van 1e roset met 1 kb, 10 ks, 1 lb in 4e hlb van vlg boog, * 5 ks, 1 lb in 4e hlb van vlg boog, 7 ks, 1 lb in 4e hlb van boog van vlg roset *; herh van * tot * tot einde, eindig met 1 driesl in 3e boog van laaste roset.
**2e ry:** Deurgaans lb.

**FRAIINGS:** Knip stukke garing van ongeveer 6 cm, en knoop hulle in bondels van 8 deur onderste punt van elke 4 rosette en in elke punt tussen 2 groepe van 4 rosette.

## DIAGRAM




## PICOTDRIEHOEKE

**BENODIGDHEDE:** *Coats Chain-Mercer Crochet Cotton Nr. 20, die hoeveelheid hang af van lengte van rand wat gehekel gaan word; hekelpen van 1,00 mm.*

**AFKORTINGS:** *ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; gs – glipsteek; st(e) – steek(steke); p(s) – picot(picots) (=4 kettingsteke, 1 kortbeen in laaste kortbeen of langbeen wat voor kettingsteke gehekel is); ls(e) – lus(lusse); herh – herhaal; beg – begin; vlg – volgende; sp(s) – spasie(spasies); gp(e) – groep(groepe).*

**AANWYSINGS:** Die rand word saamgestel uit klein afsonderlik gehekelde motiewe wat in die laaste rondte van elk aanmekaar gehekel word.

**Beginrondte:** 10 ks, sluit met gs om ring te vorm.
**1e rondte:** 4 lb (1e lb word vervang deur 3 ks); *3 p in laaste lb pas gehekel, 6 lb*; herh van* tot* 3 keer, 3 p, 2 lb in ring, sluit met 1 gs in 3e begin-ks van rondte, draai.
Van hier af word in rye verder gehekel.
**2e ry:** (12 ks, 1 kb in middel van vlg lb-gp) 3 keer, 1 draai-ks.
**3e ry:** 24 kb in elke sp, 1 draai-ks.
**4e ry:** Hekel van hier af slegs in agterste ls van elke steek; 23 kb, slaan 2 kb oor, 22 kb, slaan 2 kb oor, 23 kb, 1 draai-ks.
**5e ry:** *(3 kb, 3 ks — dit vorm 'n soort picot) 6 keer, 3 kb, slaan 3 kb oor, herh van* tot * 6 keer, 3 kb, slaan 3 ste oor, herh van* tot* 6 keer, eindig met gs in vlg st. Knip garing af en heg af.
Hekel tweede motief en heg dit aan eerste motief vas deur 3e en 4e picots aan ooreenstemmende picots vas te hekel.
Hekel voort en verbind daaropvlg p met 7 ks, gs in ooreenstemmende p van eerste motief, 3 ks, 1 gs in middelste st van 7-ks-sp, 7 ks, gs in dieselfde st, 3 ks, 1 gs in eerste van die 7 ks, 1 ks, sluit p met 1 gs in laaste gemaakte kb. Voltooi tweede motief soos eerste.
Hekel daaropvlg motiewe op dieselfde manier en sorg dat daar 'n onewe getal motiewe in eerste ry motiewe is.
Rangskik tweede ry motiewe só dat motiewe verspring en telkens tussen twee motiewe van vorige ry geplaas word.
In eerste rondte word middelste picot van laaste groep aan vrye lus tussen motiewe van vorige ry vasgehekel, daarna, in laaste rondte, word eerste 2 picots aan 2e en 3e picot van volgende motief vasgehekel en laaste 2 picots aan 10e en 11e picot van vorige motief.
Hekel so voort en hekel motiewe aan mekaar en aan motiewe van vorige ry vas. Vir derde ry moet telkens 3 motiewe tussen 4 van vorige ry geplaas word; vir 4e ry twee motiewe tussen 3 van vorige ry en vir 5e ry een motief tussen twee van punt wat so gevorm word (raadpleeg foto).
Hekel oor reguit rand van motiewe soos volg:
**1e ry:** Beg in 2e laaste p van eerste motief, 1 kb, 3 ks, 1 kb in vlg p, 5 ks, 1 kb in middelste p van vlg p, 5 ks, 1 kb in 1e p, 3 ks, 1 kb in 2e p, 5 ks, 1 kb in vlg p (van vlg motief), 3 ks, hekel voort soos uiteengesit, eindig met 3 draai-ks.
**2e ry:** *1 lb, 2 ks, slaan 2 ste oor; herh van *, eindig met 'n lb.
**3e ry:** *7 ks, slaan 1 lb oor, 1 kb in vlg lb; herh

van *, eindig met 'n kb.
**4e ry:** 9 kb in elke sp.
**5e ry:** gs tot middel van vlg sp, 1 kb in dié ste, 5 ks; *1 kb in middelste st van vlg sp, 5 ks; herh van * tot einde.
**6e ry:** Soos 2e ry.
**7e ry:** Hekel 1 kb, 3 ks, 1 kb in elke sp. Knip garing af en heg af.

## PUNTJIES EN BALLETJIES

**BENODIGDHEDE:** *Coats Chain-Mercer-hekelgaring Nr. 20; hoeveelheid hang af van lengte van rand; hekelpen van 1,00 mm.*

**AFKORTINGS:** *ks - kettingsteek; kb - kortbeen; grh - garing rondom hekelpen; lb - langbeen; st(e) - steek (steke); ls(e) - lus (lusse); gs - glipsteek; vlg - volgende; herh - herhaal; beg - begin; sp(s) - spasie (spasies); tes - tesame.*
**AANWYSINGS:** Let daarop dat 3 ks vir die 1e lb van elke ry of rondte gehekel word.
Die rand word gevorm uit klein vierkantjies wat in die laaste rondte aanmekaar gehekel word om lang stroke te vorm. Die stroke word aaneengehekel om die punte te vorm en laastens word die puntjierand gehekel om die geheel af te rond.

**VIERKANT:** Hekel 10 ks en sluit met gs om ring te vorm.
**1e rondte:** (5 lb, 2 ks) 4 keer in ring, ~~sluit met~~ gs in 3e begin-ks.
**2e rondte:** * 2 lb in 1e lb, 1 lb in elk van vlg 3 ste, 2 lb in vlg lb, 4 ks *; herh van * tot * rondom, sluit met gs.
**3e rondte:** * 2 lb in 1e lb, 5 lb, 2 lb in vlg st, 6 ks *; herh rondom, sluit met gs.
**4e rondte:** *2 lb in 1e st, 7 lb in vlg st, 8 ks *; herh rondom, sluit met gs, knip garing af en heg af.
Hekel nog 'n vierkant en hekel dit aan eerste vierkant vas, terwyl laaste rondte gehekel word, by die eerste, middelste en laaste lb van die naasliggende vierkant (raadpleeg foto).
Wanneer die vierkantjierand voltooi is, word dit verder afgewerk.
Oor die reguit rand, wat aan 'n tafeldoek of ander doek vasgewerk sal word, hekel soos volg:
**1e ry:** Heg garing vas aan begin van eerste vierkant van binneste ry motiewe, * 1 kb in elk van die 11 lb, 5 ks, 1 onafgewerkte lb in middel van 8-ks-sp, 1 onafgewerkte lb in middel van vlg 8-ks-sp, grh en trek deur saam met eerste onafgewerkte lb, 5 ks * herh van * tot * tot einde.
**2e ry:** * 1 lb, 2 ks, slaan 2 ste oor * herh tot einde, eindig met 1 lb.
**3e ry:** 1 onafgewerkte lb in 1e sp, 1 lb in 2e sp, saam afgewerk met die onafgewerkte lb in 1e sp, * 1 onafgewerkte lb in dieselfde sp, 'n lb saam deurgetrek met vorige onafgewerkte lb in vlg sp; dit lewer 'n rand met omgekeerde V-motiewe; herh van * tot einde.
Knip garing af en heg af.
Oor die kant met punte, wat die sierrand vorm, word nou 'n rand van kb en ks gehekel, maar omdat sommige punte nie met die daaropvlg punte verbind is nie, maar trapsgewys gerangskik is, moet die verbindingslusse só gehekel word:
Heg garing aan hoek van eerste vierkant vas en hekel 1 kb in eerste lb, steek pen nou in buitenste lb van hoek wat verbind moet word, en trek 'n lus uit wat terugstrek van tweede na eerste punt (sorg dat dit nie te lank of te kort is nie!) hekel 'n kb om dit vas te heg en hekel nou oor hierdie verbindingslus * (2 kb, 3 ks) 3 keer, 2 kb *; herh van * tot * oor elke lus wat gemaak word, en oor elke 8-ks-sp. Die 2 kb met 3 ks tussenin vorm 'n puntjie wat soos 'n picot lyk.
Aan die buitenste reguit rand van elke punt hekel oor die 11 lb 5 kb, 3ks, 3 kb, draai; 9 ks, 1 gs in 4e kb vanaf puntjie, draai en hekel in die pas gevormde lus: 4 kb, 3 ks, (3 kb, 3 ks) 2 keer, 4 kb, 2 kb in laaste 2 lb van 11 lb van rand. Hekel so voort tot einde van ry.

**BALLETJIE:** (Om aan puntjie aan uiteinde van elke groot punt te werk.)
Hekel 2 ks, 15 kb in 1e ks, trek steek stewig vas en bind begindraad vas. Hekel nog 2 rondtes kb op kb, vul met bietjie watte en vermin in daaropvlg rondtes tot 7 of 8 ste oorbly, knip garing af, ryg deur steke trek dit styf en werk toe met 'n gs. Heg netjies af.



FILET- EN MARGRIETJIERAND



PICOTDRIEHOEKE EN PUNTJIES EN BALLETJIES